

## H O O F S T U K VII

### GEVOLGTREKKINGS

In hierdie ondersoek is die psigodinamika van vyf persone wat aansoek om 'n geslagverandering gedoen het, bestudeer. Dit is deur middel van 'n intensiewe kliniese onderhoud, 'n intelligensietoets en vier projektiewe tegnieke bestudeer. Drie van die persone se biologiese geslag was manlik en hulle wou fisies na 'n vrou verander word deur middel van 'n geslagveranderingsoperasie. Die oorblywende twee persone was biologies vroulik en wou deur 'n soortgelyke operasie 'n manlike geslagorgaan bekom. Van elke persoon is 'n individuele psigodiagnostiese ondersoek gemaak en geen algemene gevolgtrekkings met betrekking tot alle transseksualiste kan gemaak word nie, vanweë die beperkte aantal persone wat bestudeer is. Sekere persoonlikheidstrekke en oorsake vir hulle problematiek mag egter wel ooreenstem, maar graadverskille kom tog voor. Dit moet dus in gedagte gehou word dat elkeen se probleem op sy eie manier in elke transseksualis na vore kom en dat daar wel graadverskille aanwesig kan wees, soos aangedui sal word.

#### 1 Kliniese geskiedenis

##### (a) Gemiddelde ouderdom

Die gemiddelde ouderdom van die transseksualiste wat in hierdie studie gebruik is, is 25.

##### (b) Huwelikstatus van die ouers

Drie van die transseksualiste se ouers is getroud terwyl B se vader tydens sy puberteitsjare oorlede is en C se ouers geskei is toe hy ongeveer drie jaar oud was.

##### (c) Beskrywing van hulle ouers

Dit kom voor dat behalwe vir geval D se ouers, die ander se vaders saggeaard en passief was teenoor die meer dominerende, aktiewe en humeurige moeders.

Behalwe in geval D se geval waar die vader gekant is teen die geslagveranderingsoperasie, aanvaar die ander ouers dit baie gemaklik en is hulle ten volle tevrede met die pasiënte se besluit en verwelkom hulle dit.

(d) Opvoedkundige kwalifikasies

Gevalle B, C en D het St 8 behaal, A het St 9 en E het St 10. Uit hulle intelligensietoetsresultate blyk dit dan ook dat dit 'n redelike "normale" verspreiding van intelligensie in hierdie eksperimentele groep is. Een persoon se IK is subnormaal, 3 gemiddeld en een superieur. Dit wil dus voorkom asof transseksualisme onder alle intelligensie-groepe kan voorkom, minstens tussen die grense 79 en 124.

(e) Keuse van vriende

Dit blyk ook uit die ondersoek dat hulle almal reeds op laerskoolvlak en selfs vroeër, maats gemaak het met die teenoorgestelde geslag as hulle eie biologiese geslag. Dit bepaal tot die hede ook hulle keuse van vriende. (Die mans, A, B en C, het almal meisies maats gehad en pop gespeel, terwyl die vrouens, D en E, seunsmaats gehad het en met karretjies gespeel en aan ander seunsspeletjies deelgeneem het).

(f) Seksuele ontwikkeling

Onderrig ten opsigte van seksuele aspekte is deur al die transseksualiste se moeders behartig. By gevalle A, B en C blyk dit dat puberteit op ongeveer twaalf- tot vyftienjarige ouderdom ingetree het, met sekondêre sekseienskappe as maatstaf. Gevalle D en E het die menstruasie uiters negatief beskou en aanvaar dit glad nie. Bloeding was ook baie min in vergelyking met wat normaalweg voorkom. Dit blyk dus dat hulle almal negatief teenoor hulle seksuele ontwikkeling gestaan het omdat dit in teenstelling was met die beeld wat hulle van hulself gehad het. Ge-

volglik kan hulle hulle nie daarmee vereenselwig nie.

(g) Gevoel van "andersheid"

Selfs nog voor adolessensie het hulle al gevoel dat hulle "anders" is. Gevalle C en E beweer ook dat hulle al op vierjarige ouderdom geweier het om seunsklere (C) en dogtersklere (E) te dra.

Die persone in die ondersoek gebruik, dui almal die etiologiese faktor aan as nie-aangeleerd, dit wil sê by geboorte reeds teenwoordig (met ander woorde biologies bepaal. Aangeleerde gedrag impliseer dat dit weer "afgeleer" kan word, iets wat vir hulle 'bedreigend is omdat hulle dit juis nie wil afleer nie).

Geval B noem egter dat sy moeder tydens swangerskap graag 'n dogter wou gehad het. Geval C noem weer dat sy ouma hom in dogtersklere aangetrek het en dat sy moeder daarby ingeval het.

Die houding van "belangrike volwassenes" (significant adults) mag dus 'n bepalende faktor in hulle geslagrolverwarring wees, aangesien dit in die literatuur ook aangedui is dat die houding van die ouers baie belangrik is in die veroorsaking van transseksualisme.

(h) Ander seksuele ondervindings

Masturbasie het by gevalle A en B voorgekom, alhoewel dit hulle nie tevrede laat voel het nie en net depressie in die hand gewerk het.

Geen een van die transseksualiste het aan homoseksuele bedrywighede deelgeneem nie en ook nie aan "gay"-klubs (klubs vir homoseksueles) behoort nie. Indien daar wel seksuele intimiteit was, het hulle dit beskou asof dit 'n "normale" heteroseksuele verhouding was, waar hulle die rol vertolk het synde asof die geslagveranderingsoperasie reeds gedoen is. (Dit geld alleenlik vir gevalle D en E, waar hulle ook emosioneel in die verhoudings betrokke was).

Nie een van die transseksualiste het met lede van die teenoorgestelde geslag, seksueel intiem verkeer nie. Met ander woorde nie een van A, B of C het met 'n vrou seksueel verkeer nie en D en E nie met 'n man seksueel verkeer nie omdat hulle hulself psigies belewe het as "vrou" (A, B en C) of "man" (D en E) en hulle so 'n verhouding as "verkeerd" en as "homoseksueel" sou beleef het. (Hulle siening van homoseksueel verskil dus van die normale beskouing, omdat hulle vas glo dat hulle van die teenoorgestelde geslag as hulle biologiese liggaam is en geen behoefte aan homoseksuele verhoudings het nie, omdat dit vir hulle weersinwekkend is).

(i) Aspekte wat verander moet word

Geval A wil sy stem laat verander sodat dit meer vroulik kan wees. Gevalle A, B en C wil aldie hul manlike geslagsorgane (penisse) verwyder hê en hul liggaam meer vroulik maak. Gevalle D en E wil 'n manlike geslagsorgaan (penis) bekom en hul borste laat verwyder.

(j) Die drie wense

By gevalle A, B en C is die eerste en belangrikste wens dat hulle waarlik volkome vrou kan wees. Daarna volg dinge soos normale massa, om 'n "normale" lewete kan lei, te trou, kinders te hê en algemene geluk.

By gevalle D en E is hulle eerste wens om 'n man te wees en veral om 'n penis te hê, en hulle borste te laat verwyder. Daarna volg 'n huwelik, kinders, geld ens.

Dit is dus baie duidelik dat by die vroulike - sowel as die manlike transseksualiste daar groot ontevredenheid en frustrasie oor hul biologiese liggaam en geslag teenwoordig is en dat daar 'n intense begeerte is om van die teenoorgestelde geslag te wees.

2 Bevindings van die spesifieke toetse

(a) Wechsler

Die gemiddelde IK van al vyf transseksualiste is + 99. Geval B het 'n subnormale intellektuele vermoë, geval A, C en D het gemiddelde vermoëns en geval E beskik oor superieure intelligensie. Dit wil dus voorkom asof die IK nie 'n bepalende faktor in geslagsrolproblematiek is nie omdat dit 'n normale verspreidingspatroon openbaar. Transseksualisme kan dus onder alle intelligensie groepe voorkom.

By gevalle B en D is die voorwerpsamevoeging laag wat dui op 'n swak selfbeeld. Gevalle C en E se selfbeeld is nie so swak nie, maar daar is tog aanduidings van problematiek. Alleen A se selfbeeld is gesond, moontlik vanweë die feit dat hy al so lank in die rol van vrou leef dat hy homself al as sodanig aanvaar het. Die rekenkundige beredenering is by almal relatief laag. Dit mag ook dui op geslagrolprobleme. Onstabiele vrouens doen dikwels swak op hierdie toets en vanweë die feit dat die mans (A, B en C) eerder met die vroulike rol identifiseer, is dit diagnosties beduidend dat hulle hier relatief swak presteer. (Prestasie op die syfertoetse word beïnvloed deur kulturele invloede. Met ander woorde hoë prestasie op rekenkunde en die ander syfertoetse word geassosieer met die manlike wêreld).

Die angsdriehoek (dit wil sê die drie syfertoetse) toon ook by drie van die transseksualiste nie 'n funksionele belemmering as gevolg van angs nie. (Daar is angs aanwesig op die ander toetse maar dit beïnvloed egter nie hulle intellektuele vermoëns nadelig nie).

Die spreiding op die subtoetse by al vyf transseksualiste neig om by 'n neurotiese patroon in te pas, met klem op histeriese tendense in sommige gevalle. (Die histeriese tendense sluit hier veral kontakprobleme en dissosiasie in).

(b) Die projektiewe tegnieke

By al die transseksualiste wat in hierdie studie ondersoek is, kom 'n intratensiewe wanbalans voor. Met ander woorde hulle reageer nie spontaan op stimuli vanuit hulle omgewing nie. Hulle inhibeer eerder hulle responsiwiteit en neem die wêreld in terme van hulle eie behoeftes waar. Hulle is dus baie sterk op hulleself en hulle behoeftes gerig wat dui op ego-sentrisiteit en kontakskuheid.

Hulle distansieer van emosionele betrokkenheid omrede dit vir hulle bedreigend is en angs en spanning veroorsaak. Hulle onderdruk en ontken hulle behoeftes aan affeksie. Die distansiëring mag ook die gevolg wees van onsekerheid oor hulleself en hul geslagrol asook vroeëre verwerping wat hulle beleef het. Met ander woorde hulle gebruik distansiëring van emosionele betrokkenheid as 'n verdedigingsmeganisme.

Swak identifikasie met die ouerfigure het by almal voorgekom. Telkens identifiseer hulle beter met die teenoorgestelde geslag. By gevalle B en E is daar 'n baie duidelike "koue" en passiewe vaderfiguur aanwesig. By gevalle C en D is daar ten opsigte van die moederfiguur onopgeloste afhanklikheidsbehoefte aanwesig, terwyl geval E baie aggressie teenoor die moederfiguur openbaar vanweë ambivalensie ten opsigte van haar (die moeder) se eie geslagrol.

Hierdie swak identifikasie met die ouerfigure is dan ook een van die hoofoorsake in die transseksualiste se geslagrolproblematiek. Omrede die ouers onseker was oor hulle eie geslagrolle het hulle dit "oorgedra" op hulle kinders by wyse van hulle hanteringswyse van die kind. Dit het dus veroorsaak dat geslagrolidentifikasieprobleme en geslagidentiteitsverwarring plaasgevind het.

Omrede die transseksualiste so onseker van hulself voel en telkens verwerping deur ander vrees, distansieer hulle van enige intieme kontak op interpersoonlike vlak, veral op emosionele gebied.

Al vyf het intense kontakbehoefte wat nie bevredig is nie en by gevalle A en D is daar ook fisiese kontakbehoefte wat aandring op bevrediging.

Gevolgtlik is hulle meer introvertief van aard en kom spanning en angs na vore wat, omrede dit nie suksesvol uitgeleef kan word nie, omsit in depressiewe gevoelens.

Hulle ondervind ook almal probleme met die uitlewing van aggressie en internaliseer dit eerder as om dit suksesvol na buite te kanaliseer. By gevalle A en E mag ongekontroleerde uitlewing tog wel soms na vore kom by wyse van emosionele uitbarstings.

Dit blyk ook dat gevalle A en B se aspirasiepeil baie hoër is as hulle kreatiewe potensiaal. Dit mag wees omdat hulle probeer kompenseer vir dit in hulself waaroor hulle onseker voel en ook omdat hulle op dié wyse na aanvaarding soek. Geval C se aspirasiepeil en kreatiewe potensiaal is goed geïntegreer terwyl gevalle D en E nie hulle kreatiewe potensiaal ten volle benut nie, moontlik vanweë die feit dat hulle gerem voel om aktief op te tree omdat hulle nog nie ten volle "man" is nie.

By gevalle A, B en C is daar duidelike kastrasievrees en 'n oedipale verhouding teenoor die moederfiguur aanwesig, in teenstelling met gevalle D en E waar 'n duidelike penisjaloesie opgemerk is. Persoonlikheidsdisfunksie kan by al vyf transseksualiste teruggevoer word na seksuele konflikte.

Ten opsigte van die hantering van eise is hulle almal baie passief ingestel. Hulle voel opstandig omdat hulle gedwing word om aan eise te voldoen wat nie hulle behoeftes bevredig nie en ook omdat hulle onseker voel oor hulself en hulle vermoëns, vanweë swak identifikasie met die ouerfigure.

Geslagrolidentifikasieprobleme is by al vier die projektiewe tegnieke sowel as die Wechsler aangedui.

By die DAP- en Wartegg-toets is daar 'n duidelike negatiewe ingesteldheid teenoor hulle liggaamlikheid, en hulle identifiseer telkens met die teenoorgestelde

geslag. Die manlike transseksualiste (A, B en C) benader die stimuli vanuit 'n vroulike raamwerk en lê veral klem op vroulike aspekte en passiwiteit. Die vroulike transseksualiste (D en E) lê weer klem op manlikheid en viriliteit, alhoewel hulle steeds passief bly.

Rigiditeit en konstriksie kom alleenlik by geval B voor. Dit is as gevolg van sy lae intellektuele vermoëns asook ernstige emosionele problematiek. (Rigiditeit as verdediging is moontlik by die ander transseksualiste afwesig omdat dit 'n remmende invloed op hulle verdere aanpassing na die operasie kan hê).

Vanweë die feit dat daar nog geen soortgelyke studie op transseksualiste gedoen is nie, kan die gegewens wat in hierdie studie bekom is nie daarmee gekorreleer word om ooreenkomste of verskille aan te toon nie.

Na afloop van hierdie studie kan egter afgelei word dat hierdie vyf transseksualiste tog wel sommige ooreenkomste in psigiese eienskappe en psigodinamika openbaar, veral ten opsigte van die volgende:

- Normale of gemiddelde intellektuele vermoëns.
- Swak identifikasie met die ouerfigure en gevolglik geslagrolproblematiek en geslagidentiteitsverwarring.
- Affeksionele behoeftes wat nooit bevredig is nie en te bedreigend is om te erken, omdat dit seksuele gedrag impliseer wat deur die gemeenskap afgekeur word.
- Depressiewe gevoelens vanweë die negatiewe ingesteldheid teenoor hulle liggaamlikheid - hulle vind hulle biologiese liggaam en geslagorgane weersinwekkend. Dis vir hulle 'n onoorkombare struikelblok in hulle aanpassing en hulle wil dit deur middel van chirurgie laat verander na die "gewenste" geslag, wat vir hulle meer aanvaarbaar is en by hulle psigiese ingesteldheid inpas.



- Swak interpersoonlike verhoudings alhoewel hulle tog 'n intense kontakbehoefte het.
- Vrees vir verwerping deur ander.
- Probleme met die uitlewing van aggressie - hulle internaliseer dit eerder as om dit suksesvol na buite uit te leef.
- 'n Passiewe ingesteldheid teenoor die eise wat aan hulle gestel word.
- Histeriese neigings (veral ten opsigte van dissosiasie en kontakprobleme).
- Die teenwoordigheid van oedipale situasies en duidelike Freudiaanse meganismes (kastrasievrees en penisjaloesie).
- Egosentrisiteit (gerigtheid op die self).

Dit blyk ook uit hierdie ondersoek dat die keuse van die toetsbattery wat in hierdie studie gebruik is, uiters effektief was, in die sin dat die probleme en psigodinamika van die vyf transseksualiste uitgelig kon word.

Elke toets het in sy eie reg waarde gehad en ook 'n komplimentêre funksie vervul, omdat dit tot die algemene persoonlikheidsbeeld van transseksualisme bygedra het en ook fynere nuanses aanvullend tot mekaar aangedui het.

Dit word baie sterk aanbeveel dat hierdie toetsbattery vir verdere navorsing gebruik word in die bestudering van transseksualisme, omdat die keuse van die toetsbattery in hierdie studie so geslaagd was. Dit geld ook vir prognostiese doeleindes veral ten opsigte van die wenslikheid vir 'n geslagveranderingsoperasie al dan nie en terapie.

Verder is daar ook aangetoon dat daar geen algemeen geldende psigodinamika is vir alle transseksualiste nie. Daar is baie individuele verskille aanwesig alhoewel ooreenkomste in sommige aspekte wel aangetoon is.

'n Baie belangrike aspek wat ook in hierdie ondersoek na vore gekom het, is dat transseksualisme 'n entiteit op sy

eie is en radikaal verskil van homoseksualisme, transves=  
tisme en ander seksuele perversiteite. Daar is ook aanbe=  
veel dat transseksualisme nie as 'n perversie bekend staan  
nie, maar as 'n lewensingesteldheid, omdat die transseksua=  
lis in teenstelling met die homoseksualis en transvestis,  
ontevrede is met sy biologiese geslag en poog om dit deur  
middel van chirurgiese ingryping te laat verander sodat dit  
by sy/haar psigiese ingesteldheid aanpas. Alleen op hier=  
die manier is 'n "normale" en gelukkige lewe vir hulle  
moontlik en sien hulle kans om die lewe aan te pak en 'n  
sukses daarvan te maak.

H O O F S T U K VIII

A SAMEVATTING

Titel : 'n Psigodiagnostiese studie van 'n aantal transseksualiste

Kandidaat : Lorinda Brink Bergh.

Leier : Mnr K G Kemp.

Departement : Sielkunde

Graad : Magister Artium (Kliniese Sielkunde).

Die doel van hierdie ondersoek was om deur middel van 'n onderhoud, 'n intelligensietoets en verskeie projeksietoetse die psigodinamika van 'n aantal transseksualiste te bestudeer. Dit moet in gedagte gehou word dat dit 'n individuele psigodiagnostiese ondersoek was en dat die gegewens wat bekom is nie noodwendig vir alle transseksualiste geldig is nie. Al die transseksualiste wat vir hierdie ondersoek gebruik is, is deur Dr M Botes van die Transseksualiste-kliniek verwys vir toetsing, voordat 'n geslagveranderingsoperasie oorweeg is.

Uit die literatuur blyk dit dat die transseksualistiese fenomeen reeds in die vroeëre geskiedenis voorgekom het en dat die eerste geslagsveranderingsoperasie in Nero se tyd uitgevoer is.

In 1954 het Benjamin en Gutheil die term "transseksualisme" vir die eerste keer gedefinieer en dit sodoende onderskei van ander terme soos homoseksualisme, transvestisme en hermafrodisme wat telkens daarmee verwar is.

Soos aangedui voel die transseksualis ontevrede met sy biologiese geslag in teenstelling met die ander seksuele afwykings. Gevolglik poog hy om deur middel van chirurgiese ingryping sy biologiese liggaam te verander om dit by sy psigiese ingesteldheid te laat aanpas. Dit lei weer tot wetlike probleme, en aspekte wat ook hier breedvoerig bespreek is.

In die ontwikkelingsfases van geslagtelikheid het daar dus probleme met betrekking tot die identifikasie van die transseksualis met sy ouers plaasgevind. Veral "kastrasievrees" by die man en "penis jaloesie" by die vrou word as hoofkenmerke van die transseksualis daargestel. Dit mag voortgespruit het uit swak identifisering met die ouers op die kritieke ontwikkelingsfases of ook die onbewuste wens van sekere ouers om kinders van die teenoorgestelde geslag te hê.

Uit die toetsontledings blyk dit dat hierdie konflikareas veral van belang by al die transseksualiste wat vir dié studie gebruik is, voorgekom het. Daar is egter graadverskille en ook individuele verskille en kan dus nie algemeen word tot alle transseksualiste nie.

Laastens is die gevolgtrekkings gemaak dat as gevolg van swak identifikasie met hulle ouers, hulle eie negatiewe ingesteldheid teenoor hulle biologiese liggaam en behoefte aan balans tussen die biologiese liggaam en psigiese ingesteldheid, geslagrolidentifikasieprobleme voorgekom het. Gevolglik kom swak interpersoonlike verhoudings voor wat lei tot depressie, angs, spanning en wanaanpassing omdat hulle voortdurend in 'n identiteitkonflik verkeer tot tyd en wyl hulle deur middel van chirurgiese ingryping hulle biologiese liggaam en psigiese ingesteldheid kan balanseer en sodoende geluk vind.

C H A P T E R VIII

B SUMMARY

Title : A psychodiagnostic study of a group of transsexuals.

Candidate : Lorinda Brink Bergh.

Promotor : Mr K G Kemp

Department : Psychology

Degree : Magister Artium (Clinical Psychology)

By means of an interview, an intelligence test and a variety of projective techniques, the psychodynamics of a group of transsexuals were studied.

Considering the fact that this is an individual psychodiagnostic study, in which only five persons were examined, the results cannot be regarded as representative of all transsexuals. The five transsexuals used in this study were referred by Dr M Botes of the Transsexual Clinic for psychological testing, before undergoing a sex-change operation.

From the study of available literature it seems that the transsexual phenomenon appeared in early history. The first transsexual operation, however, was performed on Nero's command.

In 1954 Benjamin and Gutheil defined the term "transsexual" for the first time. By so doing they distinguished it from homosexuality, transvestism and hermafroditism, terms which led to confusion about what transsexualism really is.

As was put forth by this study, the transsexual is not satisfied with his biological sex like the other sexual deviants. The transsexuals wish to change their biological body to suit their opposite psychological inclinations. In undergoing the sex-change operation various judicial problems and implications arise. These have been discussed in full.

During certain stages of psychosexual development problems

of identification with the parents may arise. The "castration anxiety" in the male and "penis-envy" in the female are amongst the most important underlying factors in the causation of transsexualism. Unhealthy relationships with their parents as well as unconscious wishes of some parents for a child of a different sex also play an important role in the identification crises of the individual.

The test analyses show that many of these conflict areas are of importance in the transsexuals discussed in this study. The individual analyses emphasize however, that there is a degree of difference as well as basic individual disparities concerning the underlying basis and handling of these conflicts.

The final conclusions were the following: unsuccessful identification with parents, their own negative approach towards their biological body and opposite psychological inclinations leading to psychosexual problems. As result unhealthy interpersonal relationships develop causing depression, anxiety and maladjustment. They remain in this identity crises untill such time that an operation can change their biological body and in so doing rectify the balance between body and psyche. Only then do they find the happiness they seek.